Dinsdag **16 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 117 en 118**

**Fokusgedeelte: Psalm 118:6**

**Lewe sonder vrees in die teenwoordigheid van die Here**

Wie van ons kan vandag soos die digter van Psalm 118 sê: "Ek ken geen vrees nie"? So dikwels word ons harte vol kommer en vrees oor die toekoms van ons kinders of kleinkinders. Dalk vrees jy 'n ongeneeslike siekte of die gedagte om eendag oud te wees. Ons is dikwels diep in ons harte vol vrees.

Wat kan ons as kinders van die Here met al ons vrese doen? Psalm 118 lei ons na 'n antwoord: Lewe elke dag bewustelik saam met God. Dink aan God wat voortdurend by jou is. Dink aan God wat vír jou is en elke oomblik met jou is. Daar – saam met God, in sy teenwoordigheid en bewus van Hom en sy liefde vir jou – net daar kan ons van ons vrese ontslae raak. Die Here sê dit self in Jesaja 43:5 aan jou: "Moenie bang wees nie, Ek is by jou." Dis wat Dawid in Psalm 23:4 getuig: "Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my."

God kan en wil vandag by jou wees en jou van jou vrese verlos. Dit kan gebeur omdat Hy sy Seun oorgegee het om die grootste angs deur te gaan – die angste van die hel. Daar het Hy sy enigste Seun verlaat sodat Hy nou elke dag by elke kind van Hom kan wees. Jesus was die steen wat deur die bouers afgekeur is (vs 22). Sy eie volk het Hom verneder, uitgewerp, verstoot, gekruisig. Tog het Hy die belangrikste steen in die gebou geword. Hy is die Hoof van die gebou vol stene, die Koning van sy kerk.

Prys die Here vandag omdat jy 'n steen kan wees in dié gebou, 'n mens wat ware vrede in sy teenwoordigheid kan geniet.

*Sing: Psalm 27-1:1*

*Ds. L du P (Wicus) van der Vyver (Silverton)*